

Dinsdag 31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2; 1 Tessalonisense 4:13-18	Fokusgedeelte: Openbaring 2:10, 11
--	---

Ons het geen vrees vir die dood nie (6)

Die Here gaan nie die dinge wat lyding veroorsaak in ons lewe, verwyder nie. Trouens, die Here onderstreep dit dat daar baie lyding oor die gelowiges gaan kom, en Hy lê klem op die bewerker van alles: die duiwel. *Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word ...*

Die duiwel is die bewerker van alles wat met lewe en geluk en vrede in kontras staan. Ons moet natuurlik nie die genade in die saak miskyk nie. Satan kon nog nooit iets duursaams bewerk nie. Hierdie gedeelte openbaar dit veral sterk. Daarteenoor bou ons Here Jesus net strukture (Nuwe Jerusalem, Nuwe Aarde, ens.) wat vir ewig volmaak voortbestaan.

Dit wat God ons in die Here Jesus Christus gee, is langer en meer duursaam as Satan se werke en hulle gevolge. Daar staan ook dat die tydperk van vervolging 10 dae is. Die getal is simbolies en dui bloot aan dat Satan heeltemal beperk is – hy is só begrens deur die Here dat hy nie eers self kan besluit hoe lank hy die gelowiges wil verdruk nie.

Aan die kruis verwoes die Here Jesus die duiwel se werk. Hy vernietig al die ellendes wat die duiwel bewerk – veral die dood en alles wat daarmee saamgaan. Hy vervang dit met die kroon van die ewige lewe wat Hy aan ons gee. Ons oorleef die tyd van verderf.

Die vervolging op die aarde word afgesluit met die kroon van die lewe wat ons van die Here Jesus ontvang. Dus: koningskap om met lewe te regeer oor die dood en verderf. Wat meer kan 'n mens vra?

Sing: Psalm 100-1:1-4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)